

Handelinge 17

Handelinge 17:1-34

1 Toe het hulle deur Amfípolis en Apollónië gereis en in Thessaloníka gekom, waar 'n sinagoge van die Jode was. 2 En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gespreek uit die Skrifte 3 en dit uitgelê en aangetoon dat die Christus moes ly en uit die dode opstaan, en gesê: Hierdie Jesus wat ek aan julle verkondig, is die Christus.

4 En sommige van hulle is oortuig en het hulle by Paulus en Silas aangesluit, ook 'n groot menigte van die godsdienstige Grieke en 'n groot aantal van die aansienlikste vroue.

5 Maar die ongelowige Jode was afgunstig en het slegte manne van die leeglopers saamgeneem en die stad in opskudding gebring deur 'n volksoploop te bewerk. En hulle het die huis van Jason aangeval en probeer om hulle voor die volk te bring. 6 Maar toe hulle hul nie kry nie, het hulle Jason en 'n paar broeders na die stadsowerhede gesleep en geskreeu: Die mense wat die wêreld in opstand bring, hulle het hier ook gekom, 7 en Jason het hulle ontvang. En hulle almal handel teen die bevel van die keiser en sê dat daar 'n ander koning is, naamlik Jesus.

8 En hulle het die skare in opskudding gebring en ook die stadsowerhede wat dit gehoor het. 9 Maar toe hulle van Jason en die ander genoegsame waarborg ontvang het, het hulle hul losgelaat.

10 Daarop het die broeders dadelik in die nag Paulus en Silas na Beréa weggestuur. En toe hulle daar kom, het hulle na die sinagoge van die Jode gegaan.

11 En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was. 12 Baie van hulle het dan ook gelowig geword, en van die aansienlike Grieke 'n groot aantal, vroue en manne.

13 Maar toe die Jode van Thessaloníka verneem het dat die woord van God ook in Beréa deur Paulus verkondig was, het hulle gekom en die skare ook daar opgesweep. 14 Die broeders het Paulus toe dadelik weggestuur om in die rigting van die see te gaan, maar Silas en Timótheüs het daar gebly. 15 En die wat Paulus begelei het, het hom tot by Athéne gebring, en nadat hulle opdrag ontvang het aan Silas en Timótheüs om so gou moontlik na hom te kom, het hulle vertrek.

16 En terwyl Paulus in Athéne vir hulle wag, het sy gees in hom opstandig geword

toe hy sien dat die stad vol afgodsbeelde was. 17 Hy het toe in die sinagoge met die Jode gespreek en met die godsdienstige mense, en elke dag op die mark met die wat hom teëkom. 18 En sommige van die Epikurëiese en die Stoïsynse wysgere het met hom gestry, en sommige het gesê: Wat sou hierdie praatjiesmaker tog wil sê? Ander weer: Dit lyk of hy 'n verkondiger is van vreemde gode – omdat hy aan hulle die evangelie van Jesus en die opstanding verkondig het.

19 En hulle het hom geneem en op die Areópagus gebring en gesê: Kan ons verneem wat hierdie nuwe leer is wat deur u verkondig word? 20 Want u bring sekere vreemde dinge in ons ore. Ons wil dan weet wat dit tog kan wees.

21 Nou het al die Atheners en die uitlanders wat by hulle gewoon het, vir niks anders tyd gehad as om iets nuuts te sê en te hoor nie. 22 Paulus gaan toe in die middel van die Areópagus staan en sê: Atheners, ek sien dat julle in elke opsig baie godsdienstig is. 23 Want terwyl ek rondgegaan en julle heiligdomme aanskou het, het ek ook 'n altaar gevind waarop geskrywe is: Aan 'n onbekende God. Hom dan wat julle vereer sonder om Hom te ken, verkondig ek aan julle. 24 Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels met hande gemaak nie. 25 Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee. 26 En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, 27 sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie; 28 want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag. 29 As ons dan die geslag van God is, moet ons nie dink dat die godheid aan goud of silwer of steen, die beeldwerk van menslike kuns en uitvinding, gelyk is nie.

30 God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer, 31 omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het, en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek.

32 Maar toe hulle van die opstanding van die dode hoor, het sommige begin spot, en ander het gesê: Ons sal u weer hieromtrent hoor.

33 En so het Paulus van hulle weggegaan. 34 Maar sommige manne het by hom aangesluit en gelowig geword, onder wie ook Dionísius, die Areopagiet, was, en 'n vrou met die naam van Dámaris en ander saam met hulle.

1. Handeling 17:1-9 – Die verkondiging in Tessalonika

1 Toe het hulle deur Amfípolis en Apollónië gereis en in Thessaloníka gekom, waar 'n sinagoge van die Jode was. **2** En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gesprek uit die Skrifte **3** en dit uitgelê en aangetoon dat die Christus moes ly en uit die dode opstaan, en gesê: Hierdie Jesus wat ek aan julle verkondig, is die Christus.

4 En sommige van hulle is oortuig en het hulle by Paulus en Silas aangesluit, ook 'n groot menigte van die godsdienstige Grieke en 'n groot aantal van die aansienlikste vroue.

5 Maar die ongelowige Jode was afgunstig en het slegte manne van die leeglopers saamgeneem en die stad in opskudding gebring deur 'n volksoploop te bewerk. En hulle het die huis van Jason aangeval en probeer om hulle voor die volk te bring. **6** Maar toe hulle hul nie kry nie, het hulle Jason en 'n paar broeders na die stadsowerhede gesleep en geskreeu: Die mense wat die wêreld in opstand bring, hulle het hier ook gekom, **7** en Jason het hulle ontvang. En hulle almal handel teen die bevele van die keiser en sê dat daar 'n ander koning is, naamlik Jesus.

8 En hulle het die skare in opskudding gebring en ook die stadsowerhede wat dit gehoor het. **9** Maar toe hulle van Jason en die ander genoegsame waarborg ontvang het, het hulle hul losgelaat.

1.1 Vrae by Handeling 17:1-9

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">1. Hoe het Paulus se reis van Filippi na Tessalonika gegaan? (vers 1)2. Wie het almal van Filippi na Tessalonika gereis? (vers 1) |
|--|

Paulus se reis van Filippi af het in 'n suidwestelike rigting koers gekry na Amfipolis. Amfipolis is sowat 53 km van Filippi af. Daarvandaan het hulle steeds in 'n suidwestelike rigting na Apollonië gereis wat sowat 43 km van Amfipolis af geleë is. Die laaste deel van die reis na Tessalonika was in 'n westelike rigting sowat 56 km ver van Apollonië af.

Op grond van die afstande kan 'n mens aanneem dat Paulus-hulle in Amfipolis en Apollonië oornag het. Dit was dus drie dae se reis van Filippi af na Tessalonika. Filippi was die eerste stad waar Paulus-hulle by uitgekom het. Filippi was 'n belangrike stad aangesien dit 'n kolonie van die Romeine was. Tessalonika was egter die hoofstad van die provinsie Macedonië. Dit is ook 'n hawe stad en vir die verspreiding van die evangelie 'n strategiese stad. Daar is ook opgemerk dat Tessalonika 'n vrye stad was. Dit beteken dat hulle 'n eie verkose stadsbestuur gehad het, die stad kon sy eie munte slaan en daar was nie 'n Romeinse garnisoen binne die stadsmure nie. Tessalonika het ook 'n groot genoeg Joodse bevolking gehad – ten minste tien Joodse mans – sodat daar 'n sinagoge in die stad tot stand kon kom.

Dit blyk dit **Paulus en ten minste Silas** was wat die reis van Filippi af na Tessalonika aangepak het. Lukas keer in vers 1 weer terug na die derde persoon meervoud *hulle* terwyl hy in die vorige hoofstuk nog van *ons* gepraat het. Hieruit kan ons aflei dat Lukas waarskynlik in Filippi agtergebly het. Aangesien Paulus graag vir **Timoteus** saam met hom op die reis wou gehad het (Hand 16:3) kan ons aanneem dat Timoteus saam met Paulus en Silas na Tessalonika gereis het.

- | |
|---|
| <p>3. Vir hoe lank was Paulus werksaam in Tessalonika? (vers 2)</p> <p>4. Hoe het hy die evangeliserings werk in Tessalonika aangepak? (vers 2-3)</p> |
|---|

Lukas berig dat Paulus na die sinagoge in Tessalonika gegaan het soos dit sy gewoonte was. Hierdie was Paulus se gewoonte van die eerste sendingreis af (vgl. Hand 13:5). Paulus het vir **drie sabbatte** met die Jode in die sinagoge gespreek uit die Skrif. Vir hoeveel langer Paulus as die drie weke in Tessalonika werksaam was, vermeld Lukas nie. Dit blyk egter dat Paulus gedurende die drie weke hoofsaaklik die evangelie aan die Jode gebring het.

In Tessalonika se sinagoge het Paulus met die mense vanuit die Skrif **gespreek**. Die woord wat ons vertaal met *spreek* het ook die verstaandmoontlikheid om met mekaar 'n saak te bespreek. Dit kan wees dat Paulus se vertelling van die evangelie vrae ontlok het wat hy dan in 'n bespreking beantwoord het. Verder het Paulus ook

die Skrif **uitgelê**. Hy vir die Jode die Skrif oopgemaak deur vir hulle aan te toon dat die Christus moes ly en uit die doode opstaan. Wanneer daar van **aantoon** gepraat word, lyk dit asof Paulus die gebeure wat met Jesus Christus plaasgevind het in die vertelling langs die beskrywing in die Skrif geplaas is, sodat die hoorders self die gevolgtrekking kon maak dat die Christus moes ly en opstaan uit die dood uit. Paulus sê ook self dat hy Jesus aan hulle **verkondig** het. Hy het geproklameer dat Jesus die Christus is van wie daar in die Skrifte getuig word.

- | |
|---|
| <p>5. Wat was die gevolg van hierdie evangeliseringswerk van Paulus? (vers 4)</p> <p>6. Wie het hulle almal by Paulus en Silas aangesluit? (vers 4)</p> |
|---|

Sommige van die hoorders het **oortuig geraak** van die dinge wat Paulus uit die Skrif aan hulle verkondig het. Hulle het geglo dat Jesus werklik die Christus is wat moes sterf en uit die dood opstaan. Hierdie oortuiging was nie as gevolg van Paulus se vernuf nie. Dit is die Heilige Gees wat die oortuiging en uiteindelijke bekering gebring het. Paulus se verantwoordelikheid was om met die nodige geduld en helderheid die verkondiging van die evangelie te doen.

Sommige van die Jode het tot bekering gekom in Tessalonika se sinagoge. Die **grootste meerderheid** van bekeerlinge het gekom uit die **godsdienstige Grieke en van die aansienlikste vroue**. Hierdie godsdienstige Grieke is weer soos wat ons al vroeër opgemerk het in Handeling 17 Grieke wat die Joodse geloof aangehang het. Die aansienlikste vroue was vroue wat een of ander leidende rol in die samelewing van Tessalonika vervul het of hulle was die vroue van manne wat as leiers in die samelewing opgetree het. Hoe dit ook al sy, die verkondiging van die evangelie het 'n impak gehad op die leierskorps van die stad Tessalonika.

- | |
|---|
| <p>7. Wat was die ongelowige Jode se reaksie op die verkondiging van Paulus? (vers 5)</p> <p>8. Wie was Jason en waarom het hulle sy huis aangeval (vers 5)</p> |
|---|

Dieselfde reaksie as wat die ongelowige Jode in Antiochië in Pisidië, Ikonium en Listre gehad, het die ongelowige Jode ook in Tessalonika (Hand 13:45, 50; 14:2, 5,

19). Hulle is **afgunstig en jaloers** oor die hoeveelheid mense wat tot bekering gebring is en in Jesus geglo het. En net soos in die ander stede het die Jode ook hier in Tessalonika die heidene ingespan in 'n poging om aan die owerhede te toon dat die meerderheid nie ten gunste is van Paulus se prediking nie. In werklikheid is dit net die Jode self wat hulle teen die Here se Woord verset en hulle vergroot dit met die saamsleep van die heidene.

In Tessalonika het die Jode slegte manne van die leeglopers saamgeneem en die stad in opskudding gebring deur 'n volkoproep te bewerk. Rondom die markplein het daar leeglopers rondgestaan. Wanneer daar 'n spreker aan die woord was, het hierdie leeglopers hom toegejuig of uitgejou afhangende van wie hulle betaal het. Die ongelowige Jode het hierdie niksnutte ingespan om die hele stad in opskudding te bring deur 'n betoging te bewerk. Sover as wat hierdie Jode en leeglopers gegaan het deur die stad het hulle nog mense gekry om by hulle aan te sluit. Hierdie hele groep mense met die ongelowige Jode aan die voorpunt het Jason se huis aangeval met die bedoeling om vir Paulus en Silas in die hande te kry.

Uit Lukas se beskrywing van Jason in vers 6 word dit duidelik dat Jason 'n **Christen** was wat daar in Tessalonika gewoon het. Of Jason 'n heiden of 'n Jood van herkoms is, is nie seker. Die naam Jason is die Griekse vorm van die naam Josua. Paulus en Silas het na alle waarskynlikheid by Jason tuisgegaan soos wat hulle in Filippi by Lidia tuisgegaan het. Dit is immers die klagte wat die gespuis teen Jason voor die stadsowerheid bring – **Jason het vir Paulus en Silas ontvang** (Hand 17:7). Om hierdie rede het die gespuis Jason se huis aangeval.

- | |
|---|
| <p>9. Vir wie kon die gespuis nie kry nie? (vers 6)</p> <p>10. Wat het die gespuis toegedoen? (vers 6)</p> <p>11. Watter klagte het die oproemakers teen Paulus en Silas by die owerheid gelê? (vers 6)</p> <p>12. Watter aanklag het die oproemmaker teen Jason gelê? (vers 7)</p> <p>13. Watter bewys het die Jode aangevoer vir die aanklag teen Paulus en Silas? (vers 7)</p> |
|---|

Die oproermakers het Jason se huis bestorm in 'n poging om vir Paulus en Silas gevange te neem en voor die owerheid te bring. Maar **Paulus en Silas** was nie by die huis nie. Lukas berig nie waar hulle was nie en ook nie waarom hulle nie by Jason was nie. Ons kan maar net aflei dat hulle iewers anders besig was om die evangelie te verkondig. Maar hoe dit ook al sy, die Heilige Gees het Paulus en Silas beskerm deur hulle nie in die hande van die oproermakers te laat val nie. Toe hulle nie vir Paulus en Silas kon kry nie, **het hulle vir Jason en 'n paar broeders na die stadsowerhede gesleep.**

Die klagte wat die oproermakers teen Paulus en Silas gelê het, is dat hulle **mense is wat die wêreld in opstand bring.** Dit is 'n soortgelyke klagte as wat die eienaars van die slavin teen Paulus en Silas in Filippi gelê het. Hierdie oproermakers kla dat Paulus en Silas nie net die stad nie maar die wêreld in opstand bring. Dit klink so asof daar vanuit Filippi al berig oor Paulus en Silas in Tessalonika aangekom het.

Volgens hierdie klagte is Paulus en Silas besig om die orde wat daar in die samelewing heers omver te gooi. Maar aangesien hulle nie vir Paulus en Silas kon kry nie, het hulle vir Jason voor die owerheid gebring, want hy het vir Paulus en Silas ontvang. Jason word dus **as 'n medepligtige van hierdie opstand aangekla.**

Die bewys wat die oproermakers aangevoer het, is dat Paulus en Silas **verkondig dat daar 'n ander koning is, naamlik Jesus.** Hierdie verkondiging gaan teen die bevel van die keiser in aangesien hy die enigste regeerder van die Romeinse ryk is. Soortgelyke klagtes is teen Jesus ook ingebring dat Hy die keiser sou wou omver gooi (Luk 23:2; Joh 18:33-37).

- | |
|--|
| <p>14. Hoe het die skare en die stadsowerhede op die aanklag gereageer? (vers 8)</p> <p>15. Waarvan sou Jason en die ander 'n waarborg aan die stadsowerhede gegee het? (vers 9)</p> |
|--|

Deur die aanklag en bewys wat die Jode saam met die leeglopers aan die stadsowerhede voorgelê het, het die skare – dit is die inwoners van die stad – sowel as die stadsowerhede **in opskudding gebring.** Tessalonika was 'n vrye stad wat

beteken het dat daar geen Romeinse soldate in die stad was nie. Hierdie aanklag en bewys teen Paulus en Silas het die inwoners en die owerheid ontstem, want hulle het geweet dat die rus verstoort sal wees wanneer Rome van hierdie aanklag te hore kom. Hulle wil nie bekend wees as 'n stad wat die gesag van die keiser verwerp nie.

Die Jode en die ander oproermakers kon nie vir Paulus en Silas voor die owerhede sleep nie, daarom het hulle vir Jason – by wie Paulus-hulle tuisgegaan het – en nog ander broeders voor die owerhede gesleep. Jason het tot 'n mate in die plek van Paulus en Silas tereggestaan. Die waarborg wat Jason aan die owerheid moes gee was 'n som geld wat hy moes betaal ter versekering van twee dinge blyk dit.

Ten eerste **dat Paulus en Silas nie 'n opstand teen die keiser beplan nie**. Ten tweede **sal daar nie weer so 'n onrus in die stad sou plaasvind nie**. Daarom het die gelowiges van Tessalonika dadelik in die nag vir Paulus en Silas na Berea weggestuur. Paulus en Silas het dadelik gegaan aangesien hulle die gelowiges in Tessalonika nie aan verdere onguns van die Jode se kant af wil blootstel nie. Ter wille van die vestiging van die evangelie en die kerk in Tessalonika het Paulus en Silas vertrek aangesien hulle gesien is as die oorsaak van die oproer in die stad.

Uit hierdie optrede van Jason sowel as Paulus en Silas word dit duidelik dat die Christene in werklikheid meer verantwoordelike burgers is as die Jode. Dit was die Jode wat met die hulp van slegte leeglopers die stad in oproer gebring het omdat hulle afgunstig was oor Paulus en Silas. Dit het nie gegaan oor gevaar vir die staat nie, nie eers oor 'n verskil van die leer wat Paulus verkondig nie, maar bloot oor jaloesie.

2. Handeling 17:10-15 – Die verkondiging in Berea

10 Daarop het die broeders dadelik in die nag Paulus en Silas na Beréa weggestuur. En toe hulle daar kom, het hulle na die sinagoge van die Jode gegaan.

11 En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was. **12** Baie van hulle het dan ook gelowig geword, en van die aansienlike Grieke 'n groot aantal, vroue en manne.

13 Maar toe die Jode van Thessaloníka verneem het dat die woord van God ook in Beréa deur Paulus verkondig was, het hulle gekom en die skare ook daar opgesweep. **14** Die broeders het Paulus toe dadelik weggestuur om in die rigting van die see te gaan, maar Silas en Timótheüs het daar gebly. **15** En die wat Paulus begelei het, het hom tot by Athéne gebring, en nadat hulle opdrag ontvang het aan Silas en Timótheüs om so gou moontlik na hom te kom, het hulle vertrek.

2.1 Vrae by Handeling 17:10-15

1. Wat was Paulus en Silas se *modus operandi* in Berea om die evangelie te verkondig? (vers 10)
2. Hoe het die mense van Berea verskil van dié in Tessalonika? (vers 11)
3. Waarom skryf Lukas dat die mense edelmoediger was as dié in Tessalonika? (vers 11)
4. Wat was die gevolg van Paulus se verkondiging in Berea? (vers 12)

Dit was nou al die tweede keer dat Paulus in die nag uit 'n stad moes vlug. Die eerste keer was toe hy destyds weer in Damaskus die evangelie verkondig het nadat hy vir drie jaar in Arabië was. In Damaskus het die Jode beraadslaag om Paulus om die lewe te bring. Toe die Paulus dit te wete gekom het, het die gelowiges hom in die nag binne in 'n mandjie oor die stadsmuur laat wegkom (Hand 9:23-25).

Van Tessalonika af is Paulus en Silas met die groot pad wat na Athene gaan weg. Hulle het in wese suidwestelike rigting gereis tot by Berea. Berea was sowat 72 km van Tessalonika af. Daar in Berea het Paulus en Silas volgehou met die manier van werk wat hulle nog die heelyd beoefen het. **Hulle is na die sinagoge van die Jode toe waar hulle begin het om die evangelie aan die mense van Berea te verkondig.** Alhoewel Paulus nog elke keer deur die ongelowige Jode verjaag en vervolgt is, het hy nie afgewyk van sy plan om eerste aan die Jode die evangelie te verkondig nie. Dit is duidelik dat Paulus nie die optrede van die Jode in een plek sommer net so projekteer op die Jode in 'n ander plek nie. Hy het elke plek op sy eie meriete hanteer.

Lukas skryf dat die mense van Berea **edelmoediger** was as die mense van Tessalonika. Die woord wat ons met *edelmoedig* vertaal kan direk vertaal word met *goeie geboorte*. Die mense in Berea se gesindheid was van die begin af net totaal anders as wat Paulus-hulle in Tessalonika van die Jode ondervind het.

Lukas gee twee eienskappe van die mense in Berea wat hierdie goeie getuienis oor hulle ondersteun. **Hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en hulle het elke dag die Skrifte ondersoek.** Die mense in Berea het nie sommer van die staanspoor af hulle teen die verkondiging van Paulus verset omdat dit verskil het van dit wat hulle nog altyd geglo het nie. Hulle was gewillig om te luister na wat Paulus verkondig.

Hulle het met groot aandag geluister en dit vergelyk met wat hulle in die Skrif vind. Hulle het nie toegelaat dat hulle eie gevoelens en vooropgestelde idees die bo-toon voer nie. Hulle het die Woord gebruik as die meet instrument om te bepaal of dit wat Paulus verkondig in ooreenstemming is met wat die Here sê.

Die gevolg van Paulus se verkondiging en die mense van Berea se ondersoek was dat **baie van hulle gelowig geword het.** Juis hierdie mense wat gewillig en aandagtig na die verkondiging van Paulus geluister het, het gelowig geword. Hulle is met die Woord van die Here oortuig dat Paulus inderdaad die waarheid verkondig. Dit was nie net Jode wat tot geloof gekom het nie. 'n Groot aantal van die aansienlike Grieke, vroue sowel as mans, het gelowig geword. Dit is die vooraanstaande burgers in die stad – mense wat leiding in die samelewing neem.

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">5. Waarom het die Jode van Tessalonika na Berea gegaan? (vers 13)6. Wat het hulle in Berea gaan doen? (vers 13)7. Wat het die gelowiges toe met Paulus gedoen? (vers 14)8. Tot waar het hierdie gelowiges vir Paulus begelei? (vers 15)9. Wat was Paulus se versoek aan hierdie mense wat hom begelei het? (vers 15) |
|--|

Die Jode in Tessalonika het verneem dat Paulus ook die Woord van God in Berea verkondig. Dit was hierdie kennis wat hulle aangespoor het om na Berea te

gaan. Hulle was steeds aangevuur met hulle afguns teenoor Paulus, want deur sy verkondiging is die sinagoges besig om leeg te loop. Groot getalle Jode en die vooraanstaande Grieke loop oor na Paulus toe en glo die evangelie wat hy verkondig.

Die Jode van Tessalonika het in Berea presies dieselfde gedoen as wat hulle in Tessalonika gedoen het. In Tessalonika het hulle slegte mense onder die leeglopers gekry om die stad aan te hits teen Paulus. **In Berea het hulle die inwoners van die stad aangehits teen Paulus.**

Die gelowiges in Berea het egter dadelik vir Paulus weggestuur om in die rigting van die see te gaan. Ter beskerming van Paulus se lewe en ter wille van die werk wat die Here deur Paulus in Berea gedoen het, het die gelowiges eerder vir Paulus weggestuur. Berea was nou al die vyfde stad waaruit Paulus op 'n sendingreis moes vlug.

Paulus moes tydens die eerste sendingreis uit Anthiochië in Pisidië padgee. Daarna moes hy uit Ikonium vlug, aangesien die Jode van Anthiochië na Ikonium gekom het om die mense ook daar teen Paulus aan te hits. In Listre is Paulus nie net vervolg of verjaag nie. Daar het die Jode uit Anthiochië en Ikonium dit reggekry om die skare so teen Paulus aan te hits dat die Jode sonder hindernis Paulus in die strate van Listre kon stenig en vir dood uit die stad uitsleep. Op die tweede sendingreis het die Jode nou al vir Paulus uit Tessalonika verdryf en hulle doen dit ook in Berea met hom.

Uit die vertelling word dit duidelik dat die Jode uitsluitlik hulle visier op Paulus ingestel gehad het. Silas en Timoteus het in Berea agtergebly. Hulle het op Paulus se versoek agtergebly om die gelowiges in Berea nog verder te versterk en te onderrig in die evangelie. Van Berea af het die gelowiges vir Paulus die korste roete na die naaste hawe begelei. Van daar af het hulle Paulus per skip begelei **tot by Athene**. Die gelowiges wat met Paulus saam is, wou doodseker maak dat hy veilig is, Daarom het hulle hom so ver as moontlik weggebring. Athene was sowat 314 km suid-suidwes van Berea geleë.

Alhoewel Silas en Timoteus waarskynlik op Paulus se versoek of aandrang in Berea agtergebly het, het Paulus in Athene die gelowiges uit Berea die opdrag gegee **dat Silas en Timoteus so gou as moontlik na Paulus toe moet gaan**. Paulus het die twee manne nodig sodat hy sy werk as verkondiger voluit kan doen.

3. Handeling 17:16-34 – Die verkondiging in Athene

16 En terwyl Paulus in Athene vir hulle wag, het sy gees in hom opstandig geword toe hy sien dat die stad vol afgodsbeelde was. **17** Hy het toe in die sinagoge met die Jode gespreek en met die godsdienstige mense, en elke dag op die mark met die wat hom teëkom. **18** En sommige van die Epikurëiese en die Stoïsynse wysgere het met hom gestry, en sommige het gesê: Wat sou hierdie praatjiesmaker tog wil sê? Ander weer: Dit lyk of hy 'n verkondiger is van vreemde gode – omdat hy aan hulle die evangelie van Jesus en die opstanding verkondig het.

19 En hulle het hom geneem en op die Areópagus gebring en gesê: Kan ons verneem wat hierdie nuwe leer is wat deur u verkondig word? **20** Want u bring sekere vreemde dinge in ons ore. Ons wil dan weet wat dit tog kan wees.

21 Nou het al die Atheners en die uitlanders wat by hulle gewoon het, vir niks anders tyd gehad as om iets nuuts te sê en te hoor nie. **22** Paulus gaan toe in die middel van die Areópagus staan en sê: Atheners, ek sien dat julle in elke opsig baie godsdienstig is. **23** Want terwyl ek rondgegaan en julle heiligdomme aanskou het, het ek ook 'n altaar gevind waarop geskrywe is: Aan 'n onbekende God. Hom dan wat julle vereer sonder om Hom te ken, verkondig ek aan julle. **24** Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels met hande gemaak nie. **25** Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee. **26** En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, **27** sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie; **28** want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag. **29** As ons dan die geslag van God is, moet ons nie dink dat die

godheid aan goud of silwer of steen, die beeldwerk van menslike kuns en uitvinding, gelyk is nie.

30 God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer, 31 omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het, en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek.

32 Maar toe hulle van die opstanding van die dode hoor, het sommige begin spot, en ander het gesê: Ons sal u weer hieromtrent hoor.

33 En so het Paulus van hulle weggegaan. 34 Maar sommige manne het by hom aangesluit en gelowig geword, onder wie ook Dionísius, die Areopagiet, was, en 'n vrou met die naam van Dámaris en ander saam met hulle.

3.1 Vrae by Handeling 17:16-34

1. Vir wie het Paulus in Athene gewag? (vers 16)
2. Waarom het Paulus se gees in hom opstandig geword? (vers 16)
3. Met wie het Paulus gepraat nadat hy ontsteld geraak het oor die afgode? (vers 17)

Toe die ongelowige Jode van Tessalonika verneem het dat Paulus ook Berea die evangelie verkondig het, het hulle jaloesie hulle gedryf om ook in Berea moeilikheid te gaan maak vir Paulus. Die gelowiges in Berea het Paulus toe dadelik weggestuur na die see toe. Vandaar af het Paulus waarskynlik per skip na Athene gevaar.

Paulus is alleen weg uit Berea uit terwyl Silas en Timoteus in Berea agtergebly het. Hulle het waarskynlik op Paulus se aanbeveling agtergebly om die gelowiges in Berea nog verder te versterk in die geloof. Alhoewel Lukas niks daarvan berig nie, was die afspraak tussen Paulus en die ander twee manne – **Silas en Timoteus** – dat hy vir hulle in Athene sou wag en wanneer hulle by hom aangesluit het, sal hulle met die verkondiging in Athene voortgaan.

Athene se goue dae was lankal verby toe Paulus daar aangekom het. Athene se hoogbloei tyd was in die dae van Perikles (461-429 vC). Dit was in die dae toe die

gebeure van die boek Nehemia plaasgevind het en in die tyd toe Haggai, Sagaria en Maleagi as profete opgetree het.

Alhoewel Athene se bloeityd verby was, was dit steeds die kulturele en intellektuele sentrum van die Grieke. Dit is moontlik Paulus se eerste besoek aan Athene gewees. Terwyl hy vir Silas en Timoteus gewag het, sou hy die strate van Athene deurgestap het, soos wat enige iemand sou maak wat die eerste keer op 'n plek kom en veral so 'n bekende stad uit die antieke tyd.

Terwyl Paulus deur die strate van Athene gewandel het, was hy oorweldig deur die groot hoeveelheid afgode wat in die stad aanbid is. Die hoeveelheid afgodsbeelde was so erg dat daar selfs gesê is dat dit makliker is om 'n god in Athene te ontmoet as 'n mens. Athene was tot oor hulle ore toe onder die afgode. 'n Mens sou kan sê dat hulle in die afgode verdrink.

Vir Paulus wat van geboorte 'n Jood is en nou 'n dienskneg van Jesus Christus, was dit ondenkbaar dat 'n mens aan 'n stuk klip in die vorm van 'n mens eer sal bewys wat net aan die lewende God gebring moet word. **Daar het 'n heilige ontsteltenis en woede in Paulus se gees opgewel oor die dwaasheid van die mense wat hulleself as so wys en gekultiveerd beskou het.** 'n Mens kan jouself dit voorstel dat dit wat Paulus in Athene gesien het, bygedra het tot dit wat hy aan die Romeine geskryf het – vergelyk Romeine 1:18-32.

Paulus het toe begin om **met die Jode en die godsdienstige mense** – dit is die heidene wat die Joodse geloof aangeneem het – in die sinagoge te praat. Aan hulle het hy die evangelie van Jesus Christus verkondig en verseker daarop gewys dat daar net een lewende God is.

Maar anders as in die vorige stede het Paulus hierdie keer nie gewag totdat die Jode hom uit die sinagoge verdryf het voordat hy aan die heidene die evangelie verkondig nie. Soos wat Lukas dit berig blyk dit dat Paulus in dieselfde tyd wat hy in die sinagoge gespreek het ook **op die markplein met die mense wat hy ook al daar teëgekomp het.** Sy ontsteltenis oor die afgode het hom gedring om die waarheid onverwyld aan die mense waar hy ook al kon te vertel. Die markplein was die

sentrum van die burgerlike lewe in Athene. Daar het die wysgere bymekaar gekom en hulle opinies met mekaar bespreek en gedebateer.

4. Tot watter gevolgtrekkings het Paulus se teenstanders oor hom gekom? (vers 18)
5. Waarom sou die Epikureïese en Stoïsinse wysgere met Paulus gestry het? (vers 18)
6. Waarom het hulle vir Paulus na die Areopagus gebring? (vers 19-20)

Athene was bekend vir sy wysgere en hulle was gesiene mense in die samelewing. Baie mense het na Athene gekom om van hulle wysheid te leer. Die eerste gevolgtrekking waartoe die mense in Athene oor Paulus gekom het – **Wat sou hierdie praatjiesmaker tog wil sê?** – was 'n neerhalende opmerking.

Die woord wat ons met praatjiesmaker vertaal – *spermologos* – beteken letterlik om saad op te tel. Dit word van voëls gesê wat saad in die landerye oppik. Metafories verwys hierdie woord na iemand wat op die markplein rondhang om te sien wat uit 'n vrag sou uitval wat hy dan vinnig vir homself kan optel. In die geval van Paulus het die mense in Athene gedink dat Paulus ook soos baie ander mense rondhang tussen die wysgere om na hulle debatte te luister en te hoor of daar nie iets is wat hy kan gebruik om self 'n debat aan die gang te kry nie. Vir hierdie mense was Paulus net iemand wat tussen die wat weet 'n gesprekkie aan die gang wil kry.

Ander weer het geoordeel dat **Paulus 'n verkondiger is van vreemde gode**. Die rede waarom hulle so gesê het is omdat hulle hom hoor praat van die evangelie van Jesus en die opstanding. Wie ook al sy hoorders was – of hulle nou plattelandse mense is wat harde hande arbeid verrig om te lewe en of hulle gesofistikeerde wysgere in Athene is – Paulus het gehou by die opdrag om Jesus Christus en sy opstanding te verkondig.

Vir die mense in Athene sou Jesus inderdaad vreemd wees en wat Paulus ook in verband met Hom en sy werk verkondig het, was totaal vreemd vir die Atheners. Hulle was egter nie gekant daarteen om van nog gode te hoor nie. In Athene is daar

wie weet hoeveel gode aanbid, nog een meer sou nie 'n verskil gemaak het vir hulle nie.

Die Epikureërs was volgelingen van Epikurus (341-270 vC) wat geglo het dat plesier die beste en waardigste deug is waarna 'n mens kan streef. Plesier het hulle verstaan in die sin van 'n kalm lewe wat vry is van pyn, ontstuiimige emosies en vrees – veral vrees vir die dood. Epikurus het geleer dat die gode geen belang by mense se sake het nie. Daarom was georganiseerde godsdiens nie 'n goeie ding nie en die gode sal ook nie kwaaddoeners in die lewe hierna straf nie. Epikurus se volgelingen het ook geglo dat alles in die lewe per ongeluk gebeur en dat die dood die einde van alles is.

Die Stoïsyne was volgelingen van die leerstellings van Zeno van Ciprus (340-265 vC). Die Stoïsyne het 'n groot premie daarop geplaas om in harmonie met die natuur te lewe. Hulle het individuele selfgenoegsaamheid en rasionalisme beklemtoon en hulle het die reputasie gehad dat hulle arrogant is. Stoïsyne was panteïste wat glo dat god in alles is en alles is god. Hulle is ook fatalisties. Hulle het ook geleer dat selfmoord beter is as om 'n lewe van minder waarde te lei.

Hierdie filosofiese denkrigtings staan op verskeie punte reg teenoor die evangelie van Jesus Christus. Daarom sou die Epikureërs en Stoïsyne met Paulus gestry het.

Die plek waar die Raad van Areopagus vergader het sowel as die Raad wat uit dertig manne bestaan het, het as die Areopagus bekend gestaan. Soos wat Lukas dit beskryf is dit moeilik om te sê of hy na die Raad of na die plek verwys. Hoe dit ook al sy, die Raad van die Areopagus het in Athene gesag gehad oor godsdienstige, morele en onderrig sake. Uit die woorde wat Lukas van die Atheners aanhaal waarmee hulle Paulus na die Areopagus geroep het, **blyk dit dat hulle eerder nuuskierig was oor die leer wat Paulus verkondig as om Paulus se leer te beoordeel of dit geskik is vir die stad.**

7. Watter beoordeling gee die Here van die Atheners? (vers 21)
--

- | |
|--|
| 8. Hoekom het Paulus gesê dat die Atheners baie godsdienstig is? (vers 22-23) |
| 9. Waar begin Paulus om die evangelie aan die Atheners te verkondig? (vers 23) |

Die Heilige Gees laat ons hoor hoedanig die Atheners was. Hulle en die uitlanders wat by hulle gewoon het, **het vir niks anders tyd gehad as om iets nuuts te sê en te hoor nie**. Dit was die Atheners se tyd verdryf om iets nuuts te sê of te hoor. En dit is waarskynlik hierdie geaardheid van hulle wat hulle gedring het om Paulus ook aan te hoor. Paulus het hierdie geleentheid aangegryp om die evangelie te verkondig. Tussen die mense op die markplein is hy gespot as 'n praatjiesmaker of iemand wat van vreemde gode praat. Nou is hy bevoorreg om genooi te word om die vergadering toe te spreek.

Paulus wil graag dat die Atheners van Jesus Christus hoor sodat hulle die geleentheid het om hulle tot Jesus Christus te bekeer. Daarom begin hy om baie algemeen te praat. Hy sê vir hulle dat hy agtergekom het dat hulle in elke opsig baie godsdienstig is. Paulus het dit nie gesê om die Atheners te vlei nie. Hy het 'n feit gestel. Die rede waarop die feit rus, **is die baie heiligdomme wat in die stad was vir elke denkbare god**. Daar is selfs 'n altaar waarop geskryf staan: Aan 'n onbekende god.

Daar word vertel dat Athene sowat seshonderd jaar voor Paulus daar gekom het onder 'n erge plaag deurgeloop het. 'n Sekere Epimenides het toe 'n plan gehad. Hy het 'n trop skape in die stad losgelaat. En waneer 'n skaap een van die heiligdomme van die een van die baie gode gaan lê het, het hulle daardie skaap aan daardie god geoffer. En wanneer die skaap nie naby die heiligdom van een van die tempels gaan lê het nie, het hulle daardie skaap aan 'n onbekende god geoffer. So het die Atheners seker probeer maak dat hulle nie een van die baie gode te na kom nie.

Paulus sluit aan by die Atheners se idee dat daar 'n god kan wees wat aan hulle onbekend is. Aan hulle onbekendheid met die ware God wil Paulus nou kennis bybring vir die Atheners deur die verkondiging wat hy gaan doen. In Athene het Paulus nie mense gevind wat bekend is met die Skrif soos wat hy in Tessalonika

of in Berea gevind het nie. Daarom moes hy begin by dit wat wel by die Atheners bekend is – hulle belydenis dat daar 'n God is wat hulle nie ken nie.

10. Wat maak Paulus eerste bekend aan die Atheners oor die God wat hulle nie ken nie? (vers 24)
11. Wat maak Paulus aangaande God bekend wat vir die Atheners vreemd sou wees? (vers 24-25)

Heel eerste maak Paulus bekend dat **God die Skepper is** van die wêreld en alles wat daarin is. God is dus die Skepper van die wêreld en nie maar net deel van die skepping soos wat die Stoïsyne geglo het nie. Verder is Hy ook die Here van die hemel en aarde. Met hierdie bekendstelling vertel Paulus dat **God die Besitter en Regeerder van die hemel en die aarde is**. Hy is dus nie onbetrokke by die skepping of mense se sake soos wat die Epikureërs te kenne gee nie. God is inderdaad bokant sy skepping soos die Epikureërs ook geredeneer het, maar dit is nie so dat Hy niks met die skepping of met mense se sake te doen het nie.

Anders as die gode wat die Atheners aanbid, woon God die Skepper en Here nie in tempels wat met hande gemaak is nie. Hy word ook nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte sou hê nie. **God is dus nie afhanklik van mense** soos wat die Grieke gedink het dat hulle gode van hulle diens afhanklik is nie. Dit is eerder anders om, die mens is geheel en al afhanklik van God omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee.

Met hierdie openbaring aangaande God sê Paulus weer teenoor die Epikureërs dat God inderdaad betrokke is by die daaglikse doen en late van mense, want Hy versorg mense. En teenoor die Stoïsyne sê Paulus dat die mens nie so selfgenoegsaam is soos wat hy dink nie. Die mens het die Here nodig om te kan leef.

12. Wat bedoel Paulus as hy sê dat al die nasies uit een bloed gemaak is? (vers 26)
13. Wat beteken dit dat God vooraf bepaalde tye en die grense van die nasies vasgestel het? (vers 26)

14. Vir watter doel het God die nasies se tye vooraf bepaal en hulle grense vasgestel? (vers 27)
15. Wat word aangaande God geopenbaar as Paulus sê *of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie?* (vers 27)
16. Watter rede voer Paulus aan as bewys dat God nie ver van mense is nie? (vers 28)

Die Grieke en veral die Atheners was van mening dat hulle waardiger is as alle ander nasies. Daarom het hulle ook van hulleself as beskaafd gepraat en na ander nasies verwys as barbare. Paulus wys egter daarop dat God nie net al die dinge wat ons kan sien geskep het nie, Hy het ook die mense uit een bloed geskep. Daarmee bedoel Paulus **dat alle nasies op die aarde uit een man en een vrou afstam – Adam en Eva.** Om hierdie rede is daar nie 'n manier dat 'n mens een volk bo 'n ander volk kan stel nie. Geen volk kan hom dus self die reg aanmatig om 'n ander volk te oorheers nie.

Die tye wanneer nasies op die aarde sal wees en die grense waar hulle hulleself sal bevind, word ook deur die Here geregeer. Hy het vooraf die nasies se bepaalde tye vasgestel – wanneer die een volk op die wêreldtoneel sal verskyn en wanneer hulle sal verdwyn. God het ook die grense van hulle woonplek vasgestel. Die mens is dus nie so outonoom as wat die Stoïsyne gereken het nie. Die mens bepaal nie self sy bestemming nie. **God regeer oor die politiek en oorloë van alle nasies, want Hy is die soewereine God.**

God het die tye van nasies vooraf bepaal en die grense van hulle woonplek vasgestel, **sodat hulle die Here kon soek.** Die nasies moet tot die besef kom dat God soewerein is en dat hulle geheel en al afhanklik van Hom is. Niemand soek egter na die Here nie. In hulle dwaasheid dink hulle vir hulleself gode uit wat lyk en optree soos mense en hulle maak beelde van hierdie gode en aanbid dit. Terwyl die mens as gevolg van sy blindheid van die sonde rondtas, is die Here naby. In sy skepping openbaar die Here Homself as die almagtige God, maar die mens skryf die gebeure in die skepping toe aan sy self uitgedinkte gode. **God wil Hom deur die mens laat vind, want Hy wil hê dat mens Hom as God sal eer en dien.**

Met die openbaring dat die Here naby die mense is omdat Hy deur hulle gevind wil word, wys Paulus die Epikureërs tereg. Die lewende God staan nie onbetrokke by die skepping en die sake van mense nie. Hy regeer die sake van mense, maar Hy wil ook deur mense gevind en aanbid word. Met hierdie verkondiging sou die Stoïsyne weer gemaklik wees.

Die redes wat Paulus aanvoer as bewys dat God nie ver van die mense af is nie, doen hy met aanhalings uit die werke van die heidense digters wat aan hierdie wysgere van Athene bekend was. Die woorde *want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons* is 'n aanhaling van Epimenides van Kreta (in Titus 1:12 haal Paulus hom ook aan). En die woorde *want ons is ook sy geslag* is 'n aanhaling van Aratus van Cilicië. Die feit dat Paulus die heidense digters aanhaal, sê nie dat hulle profete was of dat hulle woorde van God was nie. Met hierdie aanhalings van die heidense digters het Paulus die hoorders daarop gewys dat selfs hulle eie mense stem saam met die waarheid van die Here. As die digters 'n Skriftuurlike waarheid kon weergee oor die nabyheid van die Here aan die mense, beteken dit dat die gestry van die wysgere met Paulus in werklikheid 'n fout aan hulle kant was. Deur die ooreenkoms tussen die digters van die heidene en die Goddelike waarheid aan te toon, het Paulus 'n brug gebou tussen hom en sy hoorders sodat hulle verder na hom sal luister.

- | |
|---|
| <p>17. Tot watter gevolgtrekking bring Paulus die hoorders? (vers 29)</p> <p>18. Waarom sê Paulus dat God die tye van onkunde oorgesien het? (vers 30)</p> <p>19. Wat verkondig God nou aan al die mense? (vers 30)</p> <p>20. Waarom moet al die mense hulle bekeer? (vers 31)</p> |
|---|

In die verkondiging het Paulus die Atheners daarop gewys dat God die Skepper is van alles en dat Hy ook die Onderhouer van mense is. Dit is dus nie God wat van mense afhanklik is dat hulle Hom moet dien nie. Dit is andersom – mense is geheel en al afhanklik van God en Hy bring sy openbaring van wie Hy is binne mense se bereik.

Met die aanhaling van die Griekse digters het Paulus die brug gebou tussen die kennis wat die Atheners reeds het na die kennis wat nou aangaande God aan hulle geopenbaar word. Mense is totaal van God afhanklik en mense is die geslag van God.

Die punt wat Paulus dan aan die Atheners wil maak is dit: **As mense dan afstamming is van God en mense is lewendig, hoe kan 'n mens dan nog daaraan dink dat die godheid gelyk aan goud of silwer of steen kan wees.** Dit is dan mos geheel en al onmoontlik om te dink dat 'n mens 'n beeld van God kan maak en daardie beeld dan ook nog aanbid.

Wanneer Paulus sê dat God tye van onkunde oorgesien het, is dit dieselfde as wat hy aan die mense in Listre verkondig het. Aan die mense in Listre het Paulus gesê dat God in die tye wat verby is, toegelaat dat al die nasies hulle eie weë gaan, alhoewel Hy Homself nie onbetuig gelaat het aan hulle nie. Aan die Atheners het Paulus ook genoem dat God sy openbaring van Homself binne mense se bereik gebring het, maar dit is deur mense onderdruk.

Dat kennis van God binne mense se bereik was, word deur die heidense digters betuig wanneer hulle verklarings maak wat in lyn is met die waarheid van God self. **Tog is God barmhartig – Hy hou in rekening dat die Atheners ook nog nie die volle openbaring van wie God regtig is gehad nie.** Dit maak hulle egter nie onskuldig nie, maar wanneer dit by die oordeel kom, hou God dit ingedagte.

Om ook die onkunde van die Atheners weg te neem, **verkondig die Here nou deur Paulus aan hulle dat hulle moet bekeer.** Hulle moet wegdraai van die dooie afgode wat hulle aanbid en keer na die lewende God. Hulle moet in die God glo wat hemel en aarde gemaak en die lewe van elke mens op die aarde onderhou en regeer.

Daar gaan immers 'n dag aanbreek waarop God die wêreld gaan oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel. Op hierdie dag sal 'n mens nie meer kan wegkom met die verskoning dat jy God nie geken het nie, want die openbaring van wie God regtig is,

het hulle nou gehoor. Daar rus dus nou 'n groter verantwoordelikheid op die Atheners. Hulle het gehoor wie God is, daarom moet hulle hul bekeer en glo.

Dit is egter nie net die wat vir die eerste maal die evangelie hoor wat dan 'n groter verantwoordelikheid het om te glo nie. Ook die mense wat die Here al 'n geruime tyd lank dien, het 'n groter verantwoordelikheid. Hulle weet dat God deur Jesus Christus die wêreld gaan oordeel en hulle weet dat net diegene wat in Christus glo die ewige lewe beërwe. Daarom is dit soveel belangriker dat hulle aan die ongelowiges die evangelie sal verkondig.

21. Hoe het God mense verseker van die oordeel deur een Man? (vers 31)
22. Watter uitwerking het die noem van die opstanding uit die dood op die Atheners gehad? (vers 32)
23. Wie het wel gelowige geword in Athene? (vers 34)

Die opstanding van Jesus Christus is die versekering dat Hy deur God aangestel is om die wêreld te oordeel. Christus se opstanding is die bewys dat Hy deur God goedgekeur is om as Regter 'n regverdige oordeel uit te spreek oor mense. Die verkondiging wat Paulus voor die Atheners gedoen het, was geensins bedoel om hulle in hulle onkunde te paai nie. Hy het begin om te verkondig wie God is – die Skepper – wie ons mense is – dat mense afstam van God – mense se verantwoordelikheid teenoor God – hulle moet Hom dien en glo – en mense is verantwoordbaar teenoor God – Hy gaan hulle oordeel.

Paulus sou nie sy verkondiging oor Jesus geeëndig het met sy opstanding en sy werk as Regter nie. Maar die Atheners het sy verkondiging kortgeknip toe hulle van die opstanding hoor.

By die aanhoor van die opstanding uit die dood het die Atheners Paulus **uitgelag en gespot**. Daar was egter ander wat gesê het **dat hulle Paulus weer hieroor sou wou aanhoor**. Vir die meerderheid van die Atheners was die gedagte aan die opstanding van 'n mens se liggaam uit die dood onvanpas. Vir hulle was net die siel van die mens onsterflik en die beste lewe vir die mens se siel na die dood is om

nooit weer in 'n liggaam ingeperk te wees nie. Die Griekse filosowe het alle materie as boos gesien en alles wat geestelik is, is goed. Daarom is dit vir hulle onmoontlik dat die liggaam weer opgewek word uit die dood.

Paulus is toe weg uit die Areopagus. Hy sou nog meer oor Jesus wou vertel, maar die Atheners stel meer belang in filosofiese debatte as om die waarheid van God in Christus te leer ken. Paulus wil nie sy tyd mors met 'n sinlose geredekawel nie, daarom het hy van hulle af weggegaan.

Maar selfs in hierdie stad met sy inwoners wat so 'n hoë premie op kennis en wysheid plaas, het die Here sy uitverkorenes. Vir die Atheners sou Paulus se toespraak na 'n mislukking gelyk het, maar nie vir die Here nie. Deur Paulus se verkondig het die Heilige Gees 'n klompie mense tot bekering en geloof in Jesus Christus gebring. Lukas noem net twee name – **Dionisius wat deel was van die Raad van Areopagus en 'n vrou met die naam Damaris. Naas hierdie twee was daar nog ander wat gelowig geword het, maar hulle name word nie genoem nie.**